



Lêerno.: 21/2/5/2/LTSM  
Verwysing: 20230330-3080

Kurrikulum AOO-minuut: 0006/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementele Hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Die bestuur van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal in die Grondslagfase se klaskamers**

1. Hierdie minuut dien as 'n riglyn ten opsigte van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) vir die Grondslagfase in 2023.
2. In 2021 is die Grondslagfase as 'n sleutelprioriteit geïdentifiseer.
3. Die Grondslagfase het, as deel van hierdie prioritisering, 'n addisionele begroting ontvang wat hulle sal help om aanvullende LOOM te ontvang wat in die klaskamer gebruik kan word.
4. Om te verseker dat die prosesse vlot verloop en alle maatreëls vir ouditdoeleindes ingestel is, moet die volgende riglyne nougeset gevolg word:
  - 4.1 Skole sal in kennis gestel word van 'n geskikte datum en tyd wanneer LOOM afgelewer sal word.
  - 4.2 Die diensverskaffer sal 'n kontrolelys gebruik wat al die LOOM aandui wat by die skool of distrikskantoor afgelewer moet word.
  - 4.3 Die aangewese amptenaar moet die totale teen die kontrolelys van die LOOM kontroleer.
  - 4.4 Die amptenaar wat die LOOM ontvang, moet die afleweringnota onderteken en stempel.
  - 4.5 Alle tekorte moet binne sewe dae by die distrikskantoor aangemeld word, waarna hulle die projekbestuurder by Hoofkantoor moet kontak.

- 4.6 Die projekbestuurder sal aandag gee aan die tekorte en met die afleweringmaatskappy reël om hierdie materiaal by die skole of distrikte af te lewer.
- 4.7 Alle afleweringnotas moet by die distrikskantoor ingedien word, wat die distriksbewys van aflewering by die verantwoordelike persoon by Hoofkantoor sal indien.
- 4.8 Alle LOOM wat ontvang word, moet by die skool se voorraad geplaas word.
- 4.9 Jaarlikse kontrole moet teen die voorraad gedoen word om te verseker dat alle hulpbronne steeds in die klaskamer beskikbaar is.
- 4.10 Dekodeerbare gegradeerde leesbundels/bloemlesings moet met plastiek oorgetrek wees.
- 4.11 Die skoolstempel moet ook aan die binnekant van hierdie gegradeerde leesbundels/bloemlesings aangebring word.
- 4.12 Alle LOOM bly die eiendom van die skool. Wanneer 'n onderwyser egter die skool verlaat, moet 'n oorhandiging tussen die onderwyser en die skoolbestuurspan (SBS) plaasvind om te verseker dat die hulpbronne by die skool bly.
5. Die SBS moet verseker dat die bogenoemde riglyne geïmplementeer word.
6. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-onderwysers en SBS'e by hul skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-04-06